



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier

Nuusbrief Donderdag 26 Augustus 2021

Gedagte van die week:

Jealousy makes you nasty!

Vertrekpunt:

Matteus 12:22-34

Meditasie uit die teks:

Ek voel steeds jammer vir die Fariseërs. Hierdie week is ek jammer vir hulle omdat hulle nie weet wat hulle dryf nie en tog is dit so duidelik. Hulle loop agter Jesus aan en is letterlik healtyd op sy "case". Ook hier in ons teks waar hulle duidelik besig is om Hom fyn dop te hou. Jesus bedreig hulle, want die mense hou van Jesus. Die mense praat van Jesus as die moontlik langverwagte Messias wat uiteindelik opgedaag het. Die mense loop in hulle massas agter Jesus aan en is verbaas oor Hom, oor wat Hy doen en wat Hy sê. Jesus se gewildheid is besig om hand oor kop toe te neem. Dit is soos 'n onstuitbare vloed en breek die Fariseërs se aansien en verminder die gewig wat hulle in die samelewing het. Eina! Sjoel! Sy dade maak hulle oë seer en sy woorde skree in hulle ore. Een van hulle, Nikodemus, het al in die nag by Jesus gaan kuier omdat hy begin dink het soos die betowerde massas. Hulle moet hierdie Jesus-momentum keer en vinnig ook, anders gaan niemand meer na hulle luister nie. Die beste strategie is om Hom verdag te maak. Sê vir sy aanhangers, of eerder, fluister in hulle ore, dat Jesus eintlik van die duivel besete is. Suggereer dat hy "goeie en groot" dinge doen omdat die Satan Hom help. En ons verstaan dit mos. Beyers Naude was volgens die Nasionale Party en Pers 'n volksverraaier en is so geneutraliseer! Desmond Tutu is deur die Nasionale Party en Pers as duiwelskind afgemaak en hulle gedienstige spotprenttekenaars het hom met horings op sy kop geteken en so is hy ook tydelik geneutraliseer. In ons teks leer Jesus: **DIT IS ONVERGEEFLIK!** Dit is onvergeeflik wanneer 'n mens God se woorde en God se werke aan die duivel toeskryf. Dit is die grootste en enigste onvergeeflike sonde. Dit is godslasterlik. Jesus noem dit ligsinnigheid! Hierdie teks het my hierdie week stom geslaan!

Youtubeskakel:

Ons gaan nie Sondag 29 Augustus 2021 'n reisgesprek in die kerkgebou hou nie. Jy kan wel die reisgesprek op Youtube luister by <https://youtu.be/XXpfa8L6C54>

Meditasie uit die lewe

Covid-19 is sleg, maar nie nét sleg nie. Covid-19 het baie van ons weggevat, maar as jy met gewillige oë daarna kyk sal jy sien dat dit hier en daar iets goeds gebring het. **Voorbeeld een:** My ervaring is dat onderlinge gesprekke met mense vinniger "dieper" raak. As jy in die hospitaal, en veral in ICU, 'n draai gemaak het wil jy nie meer, in Jesus se woorde, die muggie uithaal en die olifant insluk nie! Jy het nie meer tyd of lus daarvoor nie.

Voorbeeld twee: My ervaring is dat die beperking tot 50 mense by 'n begrafnis 'n eerlike en sagter meelewende byeenkoms tot gevolg het. Nou is daar nie meer toeskouers wat uit ordentlikheid dit bywoon nie, en die werklik bedroefdes hoef nie meer hulle hartseer te bestuur twv die skare nie. Niemand skarrel rond vir verversings na die tyd nie. Nou sien ons hoe ons al die jare by begrafnisse die "sideshow" die "show" gemaak het. In plaas van treur tref ons reëlins. Covid het ons kom vrymaak daarvan. Nou het ons tyd om te treur. Dit laat my dink aan Eitemal se gedig, "Die Begrafnis" wat die absurde deelname van toeskouers afspeel teen die ware pyn van 'n man wat sy vrou verloor het.

"Is iemand dood? En wie was sy?" 'n Vreemd'ling vra en stap verby.

Die bure sug: "So 'n goeie vrou! Haar skoonfamilie gaan ook rou."

Die dokter frons: "Dit was nogal 'n allermoeilikste geval."

Die predikant, manel en das, gebaar: "Ja, alle vlees is gras."

Twee kleintjies, met dik snye brood, roep: "Omie, onse ma is dood."

'n Man staar eenkant op die grond met twee diep lyne om sy mond.

Voorbeeld drie: Covid-19 laat ons nuut dink oor geloof, godsdiens en kerk. Ons kom agter dat ons mekaar mis. Ons het nuwe waardering vir mekaar. Ons vermoed dat ons ander maniere van kerkwees sal moet vind sodat ons mekaar nie verloor nie. Ons kom agter dat die verlange na God en die verlange na mense nie so vër uitmekaar lê nie. Ons kom agter dat God nie in 'n gebou te vinde is nie, maar in 'n medemens! Ons kom agter dat God nie noodwendig in gestruktureerde ervarings is nie, maar genoegsaam te vinde is in sy Woord.

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com